higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

ENTREPRENEURSKAP EN ONDERNEMINGSBESTUUR N5

(Eerste Vraestel)

13 NOVEMBER 2018

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 3 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Waar
1.2 Onwaar
1.3 Waar
1.4 Onwaar
1.5 Onwaar

(5 × 2) **[10]**

VRAAG 2

2.1 A
2.2 C
2.3 D
2.4 C
2.5 C

(5 × 2) **[10]**

VRAAG 3

3.1 3.1.1 Seksuele teistering verwys na onwelkome seksuele toenadering, versoeke vir seksuele gunste en ander verbale of fisiese seksuele gedrag wat eksplisiet of implisiet as ’n diensvoorwaarde gestel word.

3.1.2 Sinergie is ’n metode of manier van samewerking as ’n span om die beste resultate te verkry.

3.1.3 Prestasiebeoordeling is ’n metode of tegniek wat deur werkgewers of besighede gebruik word om te bepaal tot watter mate ’n werknemer sy/haar werk doeltreffend verrig.

3.1.4 Sosiale verantwoordelikheid is ’n verpligting wat ’n persoon of besigheid teenoor ander individue of gemeenskappe het.

(4 × 3) (12)

3.2 3.2.1
- Werkloosheidsversekeringsfonds
- Werkersvergoedingsfonds

(2 × 2) (4)

3.2.2
- Pensioenfonds
- Mediesehulpfonds
- Behuisingstoelaag
- Motortoelaag
- Studietoelaag
- Etetoelaag

(Enige 3 × 2) (6)

3.3 Persoonlike versus besigheidsbesluite
Persoonlike besluite is die eienaars se besluite wat geneem word tydens persoonlike beplanning wat die besigheid kan beïnvloed.✓✓
Besigheidsbesluite word deur die eienaar geneem in sy of haar amptelike hoedanigheid.✓✓

Strategiese versus bedryfsbesluite
Strategiese besluite definieer die toekomstige rigting of plan van die besigheid.✓✓ Bedryfsbesluite behels die dag-tot-dag bedryf van die besigheid/behels die implementering van die strategiese planne.✓✓

Gestruktureerde versus ongestruktureerde besluite
Gestruktureerde besluite is gebaseer op die strategiese besluite en word nie maklik verander nie.✓✓
Ongestruktureerde besluite is bedryfsgebaseerd.✓✓ (Enige toepaslike 2 × 4) (8)
[30]

TOTAAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou